higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N550**(A)**(J14)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

FINANSIËLE REKENINGKUNDE N4

(4010164)

14 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Nieprogrammeerbare sakrekenenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye en 'n antwoordblad van 11 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
FINANSIËLE REKENINGKUNDE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in die ANTWOORDBOEK wat voorsien word.
2. Lees AL die vrae deeglik deur.
3. Toon alle berekeninge sodat punte daarvoor toegeken kan word.
4. Rond bedrae tot die naaste rand af.
5. Gebruik slegs blou of swart ink. Antwoorde in loodpotlood sal NIE nagesien word NIE.
6. Maak seker dat die ANTWOORDBLAAIE in die korrekte volgorde gerangskik en aan mekaar vasgekram is voor hulle ingedien word.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

M. Mukondi, die eienaar van Vokos Handelaars, verskaf die volgende totale van die hulpjoernale ('subsidiary journals'):

Balansstaat/Saldo's soos op 30 September 2017

Debiteure-kontrole: R16 175
Krediteure-kontrole: R5 850

KONTANTONTVANGSJOERNAAL VAN VOKOS HANDELAARS – 30 SEPTEMBER 2017

Da-tum	Beson-derhede	Vol	Bank	Verkope	Koste van verkope	Debi-teure-kontrole	Afslag toegelaat	Diverse rekening
30	Totale		19 967	9 375	3 936	4 500	281	1 875

KONTANTBETALINGSJOERNAAL VAN VOKOS HANDELAARS – 30 SEPTEMBER 2017

Da-tum	Beson-der-hede	Vol	Bank	Handels-voor-raad	Debi-teure-kontrole	Kredi-teure-kontrole	Afslag ontvang	Diverse rekening
30	Totale		18 525	4 200	450	11 625	750	1 500

DEBITEUREJOERNAAL	BEDRAE
Verkope	16 000
Koste van verkope	12 000

DEBITEUREKORTINGSJOERNAAL	BEDRAE
Debiteure-aftrekking	1 688
Koste van verkope	800

KLEINKASJOERAAL	BEDRAE
Kleinkas	700
Diverse rekeninge (vrag op aankope betaal namens skuldenaar(s) – R450)	450
Skryfbehoeftes	200

ALGEMENE JOERNAAL	BEDRAE
Debiteurekontrole - debiete	150
Debiteurekontrole - krediete	200

GEVRA

Voltooi die debiteurekontrolerekening van Vokos Handelaars soos op 30 September 2017. **[15]**

VRAAG 2

Die inligting wat hier onder gegee word, is 'n uittreksel uit Ringani Handelaars vir die jaar wat eindig 31 Augustus 2017.

GEVRA

2.1 Vergelyk die bankstaat met die kontantontvangstejoernaal en kontantbetalingsjoernaal. Maak aanvullende inskrywings in beide joernale. Sluit die bankkolomme in beide joernale af. (15)

2.2 Pos na die bankrekening in die algemene grootboek en balanseer die rekening. (5)

2.3 Berei die bankversoeningstaat op 31 Augustus 2017 voor. (9)

INLIGTING

BANKREKONSILIASIESTAAT OP 30 AUGUSTUS 2017

Kredietsaldo volgens bankstaat		64 725
Kredietdeposito nog nie deur die bank gekrediteer nie		112 500
Debiet uitstaande tjeks:		
Nr. 18	85 875	
Nr. 20	13 050	
Nr. 21	4 725	
Nr. 23	2 250	
Debietsaldo volgens bankrekening	71 325	
	177 225	177 225

KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL VAN RINGANI HANDELAARS OP 31 AUGUSTUS 2017

Dok-nr.	Da-tum	Besonder-hede	Ontle-ding van kwitan-sies	Bank	Ver-kope	Debi-teure-kon-trole	Diverse rekening	Besonder-hede van diverse rekening
EFO	1	Nedbank		210 000			210 000	Lening
'CRR 1'	3	Verkope	21 150		21 150			
170		M. Vanessa	15 000	36 150			15 000	Kapitaal
'CRR 2'	14	Verkope	19 725	19 725		19 725		
171	17	O.Tuks	15 953	15 953				
'CRR 3'	27	Verkope	19 725	19 725	19 725			
173	29	T. Hazel	16 875	16 875			16 875	Rente-inkomste
				318 428				

KONTANTBETALINGSJOERNAAL VAN RINGANI HANDELAARS OP 31 AUGUSTUS 2017

Dok-nr.	Datum	Nemer	Bank	Handels-voor-raad	Kredi-teure-kontrole	Diverse bedrae	Besonderhede van diverse rekening
24	3	Metro Bpk	41 250			41 250	Toerusting
25		Boxer Sibasa	4 950			4 950	Handelsli-sensie
26	5	Milky Bpk	4 313		4 313		
27	7	Telkom	11 625			11 625	Telefoon
28	11	Kontant	1 575			1 575	Trekkings
29	14	Tomas Handelaars	8 700	8 700			
30		Kontant	750			750	Lone
31	25	Mbeu Boekwinkel	5 475			5 475	Skryfbehoeftes
32	30	Kontant	12 667			12 667	Kaskontant
			91 303	8 700	4 313		

NEDBANK
BANKSTAAT 31 AUGUSTUS 2017

RINGANI HANDELAARS
POSBUS 3288
VHEMBE
0956 Bankstaatnr. 20

DATUM	BESKRYWING	DEBIET	KREDIET	SALDO
01/08	Saldo			64 725
	Deposito		112 500	177 225
	Deposito		210 000	387 225
	Tjek: 18	85 875		301 350
03/08	Deposito		21 150	322 500
	Tjek: 21	4 725		317 775
	Deposito		15 000	332 775
	Tjek: 24	41 250		291 525
	Tjek: 25	4 950		286 575
05/08	Tjek: 26	4 313		282 263
07/08	Tjek: 27	11 625		270 638
11/ 08	Tjek: 28	1 575		269 063
14/08	Deposito		19 725	288 788
	Tjek: 29	8 850		279 938
17/08	Deposito		15 953	295 891
18/08	Rente op kredietsaldo		1 312	297 204
25/08	Tjek: 200	705		296 499
	Tjek: 31	5 475		291 024
27/08	Deposito		19 725	310 749
28/08	Deposito		6 600	317 349
29/08	Aftrekorder	3 900		313 449
	Diensgelde	255		313 194
	Tjekboek	206		312 988
30/08	Tjek: 32	12 667		300 321
	Tjek: 32	12 667		287 654
31/08	Onbetaalde tjek	15 953		271 701

Kopiereg voorbehou

VOORAF AANPASSING PROEFBALANS VAN MALEMA HANDELAARS OP 30 JUNIE 2017

	VOL	DB	KR
BALANSSTAAT REKENINGE-AFDELING			
Kapitaal	B1		307 500
Trekkings	B2	31 875	
Lening: Nedbank	B3		82 500
Grond en geboue	B4	337 500	
Toerusting	B5	39 000	
Voertuie	B6	66 000	
Opgehoopte waardevermindering op toerusting	B7		12 900
Opgehoopte waardevermindering op voertuie	B8		45 000
Vaste deposito: Nedbank (9% p.j.)	B9	37 500	
Debiteurekontrole	B10	40 725	
Krediteurekontrole	B11		34 200
Handelsvoorraad	B12	30 375	
Bank	B13		2250
Voorsiening vir slegte skuld	B14		2 175
Kleinkas	B15	131	
NOMINALE REKENINGE-AFDELING			
Verkope	N1		374 213
Koste van verkope	N2	213 750	
Debiteure-aftrekkings	N3	7 875	
Rente op rekening	N4	11 138	
Water en elektrisiteit	N5	7 087	
Rente op vaste deposito	N6		900
Slegte skulde	N7	1 313	
Verbruiksgoedere ('Consumable stores')	N8	776	
Versekering	N9	5 100	
Salarisse en lone	N10	70 687	
Afslag ontvang	N11		4 200
Diverse uitgawes	N12	1 425	
Afslag toegelaat	N13	1 313	
Rente-inkomste	N14		48 750
Bankkoste	N15	817	
		914 588	914 588

BYKOMENDE INLIGTING

1. Tjeknommer 20 het verlore geraak en is later gestop. Dit is uitgereik aan Muthambi Handelaars ten opsigte van handelsvoorraad. 'n Nuwe tjek sal in September 2017 uitgereik word.

2. Die deposito van R6 600 is gemaak deur debiteur, M. Manugeni, op 28 Augustus 2017.

3. Tjeknommer 29 is verkeerd in die kontantbetalingsjoernaal aangeteken as R8 700 in plaas van R8 850 (wat korrek is op die bankstaat).

Kopiereg voorbehou

4. Tjeknommer 200 is deur 'n ander kliënt, Pro Handelaars, getrek. Die fout sal op volgende maand se bankstaat reggestel word.

5. Die aftrekorder van R3 900 verteenwoordig 'n versekeringspremie aan Metropolitan.

6 Tjeknommer 32 is foutief twee keer op die bankstaat gedebiteer.

7 Die onbetaalde tjek is op 31 Augustus 2017 van 'n debiteur, M. Makhuvele, ontvang. (Verwys na 17 Augustus 2017 in 'CRJ'.)

[29]

VRAAG 3

Die inligting wat hier onder gegee word, is 'n uittreksel uit die boeke van Malema Handelaars.

GEVRA

3.1 Berei die inkomstestaat van Malema Handelaars vir die jaar wat eindig op 30 Junie 2017. (35)

3.2 Voltooi slegs die BATE-afdeling van die balansstaat en maak die volgende inskrywings/aantekeninge ('notes'): (8)

3.2.1 Eiendom, toerusting en voertuie (17)

3.2.2 Voorraad (3)

3.2.3 Handel en ander debiteurerekeninge ('receivables'). (8)

INLIGTING

1. Voorraad op hande op 30 Junie 2017

   Handelsvoorraad, R30 263
   Verbruikersgoedere op hande, R64

2. Debiteur, Mary Musiwa, is insolvent verklaar en haar skuld van R188 moet afgeskryf word.

3. Die voorsiening vir slegte skuld moet aangepas word na 5% van debiteure.

4. Die premie van R900 op 'n polis wat op 30 September 2017 verstryk het, is ingesluit by die versekeringsbedrag.

5. Daar word voorsiening gemaak vir waardevermindering soos volg:

   - Toerusting teen 10% p.j. op koste (toerusting ter waarde van R9 000 is op 1 April 2017 aangekoop.)
   - Voertuie teen 20% p.j. volgens die afnemende-afskrywingsmetode

Kopiereg voorbehou

6. Die lening is op 1 Augustus 2015 verkry. Rente is jaarliks betaalbaar vanaf 2015. Die rente vir die laaste drie maande moet nog betaal word.

7. Rente is tot 30 April 2017 ontvang. Hierdie bedrag is reeds in die boeke aangeteken.

   LET WEL: Volgens die kontrak wat deur die huurder geteken is, word die maandelikse huurbedrag op 1 Junie 2017 met 10% verhoog. Bereken die uitstaande huurbedrag.

8. Rente op die vaste deposito is verskuldig.
   LET WEL: 'n Bedrag van R9 375 is by Mutual Bank op 1 Maart 2017 belê.

[71]

VRAAG 4

Jy word voorsien van 'n uittreksel van die inkomstestaat en balansstaat van Fusion Express vir die jaar wat eindig op 31 Augustus 2017.

NOTA: Die aantekeninge ('notes') by die balansstaat is nie behoorlik deur die boekhouer opgestel nie.

GEVRA

4.1 Stel die kontantvloeistaat van Fusion Express op vir die jaar wat op 31 Augustus 2017 eindig. (18)

4.2 Toon die volgende aantekeninge/berekeninge:

4.2.1 Kontant ontvang van kliënte (2)

4.2.3 Kontant betaal aan verskaffers en werknemers (10)

INKOMSTESTAAT VAN FUSION EXPRESS VIR DIE JAAR WAT EINDIG OP 31 AUGUSTUS 2017

Verkope		630 375
Min: Koste van verkope		240 000
Netto wins vir die jaar		390 375
Voeg by: Ander inkomste		11 700
Rente-inkomste	11 700	
Bruto bedryfskoste vir die jaar		402 075
Min uitgawes vir die jaar		79 597
Verbruiksgoedere	4 500	
Administratiewe koste	14 925	
Verlies op verkoop van toerusting	1 050	
Rente op oortrokke bankrekening	697	
Rente op rekening	16 950	
Waardevermindering op toerusting	16 875	
Waardevermindering op voertuie	24 600	
Netto wins vir die jaar		322 478

BALANSSTAAT VAN FUSION EXPRESS SOOS OP 31 AUGUSUTUS 2017

	AANTEKENINGE	2016	2017
BATES			
Niebedryfsbates			
Eiendom, toerusting en voertuie	B1	657 750	869 250
Ander finansiële bates	B2	45 000	30 000
Huidige bates			
Voorraad	B3	285 000	315 000
Handels- en ander debiteure	B4	200 550	217 500
Kontant en kontantwaarde	B5	-	37 500
TOTALE BATES		1 188 300	1 469 250
AANDELEKAPITAAL/EKWITEIT EN LASTE			
Kapitaal	B6	273 353	697 477
Niebedryfslaste			
Verbandakte: Eerste Bank (14%)		637 500	487 500
Huidige laste			
Handels- en ander debiteure	B7	157 673	284 273
Oortrokke bankrekening		119 775	-
TOTALE AANDELEKAPITAAL/EKWITEIT EN LASTE		1 188 300	1 469 250

AANTEKENING BY DIE BALANSSTAAT:

AANTEKENING 1: EIENDOM, TOERUSTING EN VOERTUIE	**2016**		
	Bruto drabedrag	**Opgelope waardevermin-dering**	**Bruto drabedrag**
Toerusting	315 375	(146 250)	169 125
Voertuie	832 500	(223 875)	608 625
	1 147 875	(370 125)	777 750

	2017		
	Bruto drabedrag	**Opgelope waardevermin-dering**	**Netto drabedrag**
Toerusting	312 375	(174 150)	165 225
Voertuie	952 500	(248 475)	704 025
	1 264 875	(422 625)	869 250

AANTEKENING 2: ANDER FINANSIËLE BATES	**2016**	**2017**
Vaste deposito: Eerste Bank (12%)	45 000	30 000

Kopiereg voorbehou

BYKOMENDE INLIGTING

1. Die eienaar het bykomende kapitaal van R23 873 gedurende die finansiële jaar bygedra.
   Handelsvoorraad en kontant geneem deur die eienaar vir sy persoonlike gebruik vir die 2016-finansiële jaar beloop R17 100.

   Handelsvoorraad en kontant geneem deur die eienaar vir sy persoonlike gebruik vir die 2017-finansiële jaar beloop R37 500.

   Toerusting is gedurende die finansiële jaar verkoop. Die opgelope waardevermindering tot op datum van verkoop was R19 200 en kosprys was R24 000.

2. Ingesluit by die bedrag vir handels- en ander krediteure vir 2017 is 'n bedrag van R1 500 vir uitgawes wat betaal is.

[30]

VRAAG 5

Masithulela spesialiseer in die verkoop van produkte van twee departemente, naamlik kinderklere en kinderspeelgoed. Saldo's is soos op 31 Maart 2017.

GEVRA

Gebruik die gegewe inligting om die volgende rekeninge op te stel:

5.1 Die aankoperekening (10)

5.2 Die departementele handelstaat (15)

	KINDERKLERE	**KINDERSPEEL-GOED**
Verkope	670 000	870 000
Aankope	330 000	235 000
Vrag op aankope	20 000	15 000
Verkope teruggebring	450	1 200
Vrag op verkope	8 000	-
Bank	750 000	420 000
Handelsvoorraad (01/01/2016)	185 000	130 000
Handelsvoorraad (31/12/2016)	280 000	195 000
Invoerbelasting	6 900	-

BYKOMENDE INLIGTING EN AANPASSINGS

1. Verkope ter waarde van R800 van die kinderkleredepartement is teruggebring weens swak gehalte.

2. Skenkings ter waarde van R2 500 aan Mbeki se kinderhuis is gemaak uit die kinderspeelgoeddepartement.

Kopiereg voorbehou

3. Die eienaar het kinderklere ter waarde van R300 geneem vir die ooievaarstee van 'n persoonlike vriend.

4. Vrag op aankope ten bedrae van R500 op kinderklere is nog steeds uitstaande vir die huidige finansiële jaar.

5. Invoerbelasting vir een maand is nog uitstaande.

6. Vrag op verkope van kinderspeelgoed is tot 30 Februarie 2017 betaal.

7. Aankope van die kinderkleredepartement ter waarde van R40 000 is na die kinderspeelgoeddepartement oorgedra.

[25]

VRAAG 6

Die inligting wat hier onder gegee word, is 'n uittreksel uit die boeke van Gaby Sportklub.

GEVRA

6.1 Berei die lidmaatskapgeldrekening voor. (10)

6.2 Berei die inkomste- en uitgawestaat voor vir die jaar wat op 28 Februarie 2017 eindig. (20)

INLIGTING

A.

SALDO'S OP 1 MAART 2016	
Opgehoopte fondse	55 310
Opgehoopte waardevermindering op voertuig	6 040
Voertuig teen kosprys	24 000
Bank	1 320
Opgeloopte inkomste (lidmaatskapgeld)	2 000
Inkomste vooruit ontvang (lidmaatskapgeld)	3 200
Lening: Barclays Bank (15%)	31 000
Vooruit betaalde uitgawes (versekering)	400
Vaste deposito: Barclays Bank (15% p.j.)	60 000

B. **STAAT VAN ONTVANGSTE EN BETALINGS – 28 FEBRUARIE 2017**

ONTVANGSTE		**BETALINGS**	
	R		**R**
Hekgeld	10 200	Versekering	680
Lidmaatskapgeld		Toerusting 1 Augustus 2016	8 000
2015	800	Skryfbehoeftes	720
2016	96 000	Rente op lening	2 000
2017	2 400	Water en elektrisiteit	800
Rente op vaste deposito	4 000	Diverse uitgawes	3 660
Toegangsgeld	22 000	Verversings	500

C. BYKOMENDE INLIGTING EN AANPASSINGS

- Rente op die vaste deposito is nog verskuldig.
- Lidmaatskapgeld uitstaande vir 2015 moet afgeskryf word.
- Vier lede moet nog hul lidmaatskapgeld vir 2016 betaal. Lidmaatskapgeld beloop R400 per lid per jaar.
- Skryfbehoeftes voor hande op 28 Februarie 2017 is R250.
- Waardevermindering op voertuie teen 15% p.j. op kosprys.
- 85% van die toegangsgeld moet gekapitaliseer word.
- Rente op lening is nog uitstaande.

[30]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou